

Dagsê Tarentalers,

Dankie vir al julle terugvoer en hulp met die nuwe webtuiste en besprekings-sisteem; van hier af kan dit net beter gaan!

Soos julle reeds weet, word besprekings nie meer deur Michelé hanteer nie. Besprekings word direk op ons webtuiste gedoen:

www.tarentaalteater.co.za

Indien jy dalk sukkel of "vashaak" met jou bespreking, stuur gerus 'n e-pos aan michele@tarentaalteater.co.za of skakel vir Michelé by 079 341 3420; ons help graag!

Vind aangeheg 'n stap vir stap verduideliking vir betaling per EFT vanaf webtuiste.

Algemene Reëlins:

- Tafelplasings word gedoen van voor na agter, volgens die datum van ontvangs van betaling.
- Maak seker dat jy 'n e-pos ontvang wat sê:
"Jou bespreking was suksesvol" - anders het ons nie jou bespreking ontvang nie.
- Dit is absoluut **NOODSAAKLIK** dat jy die bank skakels **op ons webtuiste** gebruik om na jou bank se "login" bladsy te gaan. Indien jy die gewone proses volg om deur jou *soekenjin* na jou bank program te gaan, registreer ons program nie jou betaling nie en ontvang ons nie jou bespreking nie.
- Die A Pieterse rekening word **nie meer** vir betalings gebruik **nie**.
- Ons werk nie fisies met kaartjies nie; gee net die naam van die persoon wat bespreek het en julle tafel sal op die aand aangewys word (veral groot groepe).
- Indien jy nie 'n ete wil bespreek nie, is jy welkom om eie kos te bring.

- Ons het 'n ten volle gelisensieerde kroeg.
- Hou asseblief piekniekmandjies klein; ons spasie is reeds baie beperk.
- Geen stootwaentjies asseblief; kleuters betaal nie maar bring asb. ou kombesies saam vir hulle om op te sit.
- Deure open 18:30; vertonings begin 20:00.

Julle samewerking in die verband sal regtig baie waardeer word!

Hou gerus ons webtuiste dop vir die nuutste program en vertel jou vriende!

Ons is opgewonde en sien baie uit na die res van die jaar se Tarentaal-kuiers!!!

Tarentaal groete,

Chris, Anita en Michelé